# EKSTEEN NUUSBRIEF



**MEI/JUNIE 2010**


***Prys die Here ons God, buig voor Hom op sy heilige berg, want die Here ons God is heilig..***
***-PSALM 99:9-***



**<u>BO</u>: DRIE EIERS TOEGEBIND IN 'N SUIKERSAKKIE, 'N GESKENK VANAF OUDERLING SUKHALE VAN NATANJE, DIS KLEIN GOEDJIES SOOS HIERDIE WAT ONS ELKE KEER WEER AAN DIE HART GRYP.**



**<u>BO</u>: DIE KERKGEBOU VROEG IN MEI TOE DAAR PAS MET HERSTELWERK BEGIN IS.**
**<u>ONDER</u>: DIESELFDE GEBOU TWEE MAANDE LATER. DIT IS WONDERLIK OM TE SIEN HOEDAT DIE PROSES DIE GEMEEENTE HELP OM EIENAARSKAP EN VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE GEBOU TE AANVAAR.**



Hallo Vriende, sokkerkoors loop hoog, ook hier in Mosambiek waar 'n uitreikspan vanuit Gordonsbaai/ Strand vir ons die sokker met satellietskottel en projekter binne die kerkgebou "live" kom uitsaai het. Ek kan eerlik sê dat die kerk nog nooit so vol was op 'n dag wat ek gepreek het nie. Ons hoor slegs mooi dinge oor die effek van die wêreldbeker-toernooi in en op Suid-Afrika. Ons hoop dis regtig so.

## <u>EVANGELISASIE NUUS</u>

In ons vorige nuusbrief het ek geskryf oor hoedat ons die Here vertrou om mense oor ons pad te stuur, mense met wie Hy reeds 'n pad stap en by wie Hy wil hê dat ons moet betrokke raak. Sukhale, 'n ouderling vanuit 'n buurgemeente, is een van hulle. Ek het dalk al oor hom geskryf, maar ek doen dit graag weer. Hy is in sy laat dertigs, praat nie 'n woord Engels of Portugees nie, het nie veel skoolopleiding nie en is dalk in die oë van baie slegs 'n hulpbehoewende, arm, Mosambieker. Die Here het my egter die geleentheid gegee om die ander kant te kon sien – Sukhale, die man wat kilometers te voet aflê om die evangelie met sy eie en buurgemeenskappe te deel. EN hy raak nie moeg nie, kom vra net gereeld vir nog materiaal.

## <u>NUUS UIT DIE GEMEENTE</u>

Ek is geseënd met 'n wonderlike medeleraar, Ds Mbobo, wat 'n hart het vir gemeentebediening en seker maak dat ons (ek, hy en ouderlinge) as 'n bedieningsspan funksioneer en nie as 'n klomp los individue nie. Tumbine gemeente brei ook steeds uit en het nou 11 bedieningspunte. Die nuutste toevoeging is Mulosa prayerhouse (wyksgemeente) wat tot stand gekom het deurdat die jong volwassenes van die gemeente in dié spesifieke area 5km suidwes van Milange begin werk het. Dit is opwindend om te beleef hoedat die Here in en deur jongmense werk. 'n Hernude fokus op jong(er)mense is 'n krities belangrike skuif vir enige gemeente wat in Mosambiek wil oorleef, die mees onlangse sensus het gewys dat 70% van Mosambiek se bevolking onder ouderdom 30 is.

Die ander groot nuus is natuurlik dat die kerkgebou tans 'n "facelift" ondergaan. Al bak hulle nie pannekoek nie, is die gemeentelede baie betrokke by die hele proses. Sommiges gee hulle tyd om met die fisiese arbeid te help en amper almal dra ook finansieël by. Dit is lekker om te kan sien hoedat die gemeente begin om te besef dis hulle gebou wat hulle in stand moet hou en nie iets wat deur sendelinge en hul ondersteuners gebou is en onderhou moet word nie.

## <u>WERFNUUS</u>

Ook hier op die 'sendingterrein' staan dinge nie juis stil nie en was daar in die afgelope maande heelwat woelinge en verwikkelinge: Ons het nuwe bure gekry – Tony Gassner wat Engelse klasse hier op Milange aanbied, het sy intrek op die terrein gemaak en so ook Wiebe en Gerdine van Horssen, Nederlanders wat in samewerking met verskeie kerke by ontwikkelings- en kinderprojekte in die distrik betrokke sal wees. Verder is dit nou realiteit dat Oom John en Tannie Stephanie, wat ons met soveel sorg en liefde help aanpas het hier op Milange en ons bure was vir die afgelope twee jaar, begin September terugtrek Suid-Afrika toe. Albert en Janny, die ander Hollanders hier, maak ook vroeg volgende jaar hul termyn hier klaar en daar is 'n sterk moontlikheid dat die Gomez-gesin (ons Argentynse dokters), wat tans op verlof is, nie vir 'n volgende termyn na Milange sal terugkeer nie. Ons is hartseer oor hulle wat weggaan en vir wie ons lief geword het, maar is ook bly oor die nuwe vriende en medewerkers wat hulle hier by ons aansluit.

## <u>GEBEDSVERSOEKE</u>

- Al die ou en nuwe Milange-werkers, die wat moet aanpas en die wat moet oppak.
- Die leiers van die gemeente, vir wysheid om die gemeente reg te bestuur.
- Mosambiekers wat by die verkondiging van die evangelie betrokke is, jonk&oud.
- Vir ons: Wysheid en insig, gesondheid, toewyding en ywer.

+258828148634 (Kobus)
+258828499166 (Nana)